

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS****SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN****EKONOMIE SG****FEB / MAR 2006****TYD: 3 uur****PUNTE: 300****INSTRUKSIES:**

- Beantwoord SES vrae.
  - Afdeling A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  - Afdeling B: Beantwoord enige VYF vrae.
- Beantwoord Vraag 1 (meervoudige keusevrae) op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.
- Lees die vrae noukeurig deur.
- Nommer jou antwoorde duidelik en korrek.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die aantal punte wat aan elke vraag toegeken word.
- Beantwoord vrae, waar moontlik, puntsgewys.
- ? Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
- Loodpotlood-werk sal nie nagesien word nie.

**AFDELING A  
VERPLIGTEND****VRAAG 1  
MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

Kies die korrekte antwoord uit die vier moontlikhede (A – D) wat vir Vrae 1.1 – 1.34 gegee word. Dui die korrekte antwoord aan met ? kruisie (**X**) oor die ooreenstemmende letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.

- 1.1 Die openbare sektor gebruik belasting om te voorsien in \_\_\_\_\_ .
- A. besigheidsgoedere
  - B. publieke dienste
  - C. buitelandse-sektor-besteding
  - D. besteding deur huishoudings

1.2 Die grootste bydraer tot nasionale inkome is \_\_\_\_\_.

- A. persoonlike dienste
- B. die vervaardigingsindustrie
- C. die konstruksie-industrie
- D. sosiale dienste

1.3 Watter van die volgende is 'n tekortkoming van die nasionale inkome syfers?

- A. Oordragbetalings
- B. Dubbeltelling
- C. Akkuraatheid
- D. Onwettige en versweë inkome

1.4 Bereken die reële nasionale inkome vir 1995 met die volgende inligting.


JAAR	NOMINALE NASIONALE INKOME	PRYSINDEKS
1994	95 000	100
1995	125 000	125

- A. R115 250
- B. R100 000
- C. R130 000
- D. R 75 000

1.5 BBP minus vergoeding betaal aan buitelandse produksiefaktore wat in Suid-Afrika gebruik is, plus die vergoeding van Suid-Afrikaanse werkers in die buitenland staan bekend as die \_\_\_\_\_.

- A. Bruto Nasionale Produk
- B. Bruto Binnelandse Produk
- C. Netto Nasionale Produk
- D. Nasionale inkome

1.6



Bestudeer die bestaande figuur en toon aan wat CD op die kurwe voorstel.

- A. Depressie
- B. Resessie
- C. Piek
- D. Herstel

- 1.7 Die ekonomiese vooruitgang van Suid-Afrika kan vergelyk word met dié van Japan deur ? studie te maak van beide lande se \_\_\_\_\_ .
- A. reële inkome per capita  
B. per capita-inkome  
C. bruto nasionale inkome  
D. algemene prysvlak
- 1.8 Die vraagkurwe verloop normaalweg van \_\_\_\_\_ .
- A. bo links na onder regs  
B. onder links na bo regs  
C. onder regs na bo links  
D. bo regs na onder links
- 1.9 Die skaarsheid van ? produk het ? invloed op \_\_\_\_\_ .
- A. toename in produksiekoste  
B. hoë vraag  
C. toename in aanbod  
D. lae vraagkoste
- 1.10 Menslike behoeftes is onversadigbaar omdat \_\_\_\_\_ .
- A. moderne markekonomieë die strewe na status aanmoedig  
B. voldoende goedere en dienste beskikbaar is  
C. reclame oneffektief is  
D. die middele wat gebruik moet word om behoeftes te bevredig beperk is
- 1.11 ? Mark verwys na \_\_\_\_\_ .
- A. ? spesifieke plek  
B. enige plek waar daar produsente of handelaars is  
C. plekke waar kopers finansiering kan bekom  
D. enige plek waar kopers en verkopers met mekaar kan meeding
- 1.12 Waarde kan beïnvloed word deur \_\_\_\_\_ .
- A. nut  
B. prys  
C.akkuraatheid  
D. markte
- 1.13 As vraag en aanbod vrylik aanpas totdat ? punt van prysewewig bereik word, staan dit bekend as \_\_\_\_\_ .
- A. volmaakte mededinging  
B. 'n monopolie  
C. onvolmaakte mededinging  
D. beperkte markte

1.14 Een van die voorwaardes van die volmaakte mark is dat daar \_\_\_\_\_.

- A. voorkeurbehandeling is
- B. slegs een verkoper is
- C. geen nabysubstituut-goedere is nie
- D. homogene produkte is

1.15 Die ekonomie van Suid-Afrika kan beskryf word as \_\_\_\_\_.

- A. ontwikkeld
- B. onder-ontwikkeld
- C. ontwikkelend
- D. onontwikkeld

1.16 Watter een van die volgende is ? eienskap van ontwikkelende ekonomiese?

- A. Hoë produktiwiteit
- B. Hoë afhanklikheid van primêre nywerhede
- C. Lae geboortekoers
- D. Goeie infrastruktuur

1.17 Die voorspoed van ? land se inwoners kan verbeter word deur \_\_\_\_\_.

- A. die skepping van meer werksgeleenthede
- B. ? toename in staatsbesteding
- C. ? verhoging in belasting
- D. toelating van meer invoere

1.18 ? Situasie van verandering, waar ? gemeenskap se ekonomiese omstandighede verander sodat die lewenstandaard verbeter, staan bekend as ekonomiese \_\_\_\_\_.

- A. groei
- B. herverdeling
- C. ontwikkeling
- D. hervorming

1.19 Die instansie wat groot bedrae kapitaal aan besighede beskikbaar stel wat nie deur die uitreiking van aandelekapitaal verkry kan word nie, is die \_\_\_\_\_.

- A. Nywerheidontwikkelingskorporasie
- B. Ontwikkelingsbank
- C. Besigheidsvennootskap
- D. Johannesburgse Effektebeurs

1.20 Watter een van die volgende is **NIE** 'n kenmerk van die informele sektor nie?

- A. Lae vlakke van geskooldheid
- B. Werkskepping
- C. Tekort aan sekuriteit
- D. Homogene aktiwiteite

- 1.21 Die hoofdoel van die ROI-program is \_\_\_\_\_.
- A. om streke te ontwikkel
  - B. privatisering van staatsondernemings
  - C. om produksiestrukture te diversifiseer
  - D. om staatsinkome optimaal te verhoog
- 1.22 Invoerregte wat gehef word as ? sekere bedrag per eenheid op goedere wat ingevoer word, is bekend as \_\_\_\_\_ tariewe.
- A. veelvoudige
  - B. dubbele
  - C. spesifieke
  - D. ad valorem-
- 1.23 Finansiële hulp aan plaaslike uitvoernywerhede staan bekend as uitvoer \_\_\_\_\_.
- A. kwotas
  - B. beperkings
  - C. subsidies
  - D. verbod
- 1.24 Aanbevelings rakende tariewe word aan die staat in Suid-Afrika gemaak deur \_\_\_\_\_.
- A. die AOTH – Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel
  - B. die Departement van Handel en Nywerheid
  - C. die Raad van Tariewe en Handel
  - D. SAFTO
- 1.25 Die grootste probleem wanneer ? stelsel van invoerkwotas toegepas word, is dat \_\_\_\_\_.
- A. die basistydperk moeilik bepaalbaar is
  - B. invoerders ? groot deposito moet betaal voordat produkte ingevoer mag word
  - C. die staat nie weet wie vir subsidies kwalificeer nie
  - D. dit die administratiewe koste van die uitvoerders verhoog
- 1.26 Watter een van die volgende is die beste manier om invoere te beperk?
- A. Invoerpligte
  - B. Invoersubsidies
  - C. Invoerdeposito's
  - D. Invoerkwotas
- 1.27 Wanneer die prys van die geldeenheid van ? land, byvoorbeeld die pond, uitgedruk word in terme van ? ander land se geldeenheid staan dit bekend as \_\_\_\_\_.
- A. die betalingsbalans
  - B. 'n fluktuasie
  - C. 'n wisselkoers
  - D. die handelsbalans

- 1.28 Invoere skep ? \_\_\_\_\_ .
- A. vraag na buitelandse valuta
  - B. ooraanbod van buitelandse valuta
  - C. toename in geldvoorraad
  - D. stabiele wisselkoers
- 1.29 Die oordrag van toepaslike aktiwiteite en eiendom vanaf die staat na die privaatsektor staan bekend as \_\_\_\_\_ .
- A. nasionalisering
  - B. infrastruktuur
  - C. privatisering
  - D. substitusie
- 1.30 Die primêre bron van staatsinkomste is inkome wat verkry word uit \_\_\_\_\_ .
- A. lenings
  - B. inkomstebelasting
  - C. donasies
  - D. verhuring van staatseiendom
- 1.31 Die beleid van die owerheid wat daarop gemik is om die geldvoorraad te beheer en wat geïmplementeer word deur die Reserwe Bank staan bekend as die \_\_\_\_\_ beleid.
- A. fiskale
  - B. monetêre
  - C. ekonomiese
  - D. bemarkings-
- 1.32 Dit is onwettig vir ? belastingbetaler om belasting \_\_\_\_\_ .
- A. te vermy
  - B. te ontduk
  - C. af te wentel
  - D. te vestig
- 1.33 Die belangrikste vorm van direkte belasting is \_\_\_\_\_ .
- A. BTW
  - B. oordragbelalings
  - C. persoonlike inkomstebelasting
  - D. doeane- en aksynsbelasting
- 1.34 Watter een van die volgende belasting sal invoere ontmoedig?
- A. Inkomstebelasting
  - B. Maatskappybelasting
  - C. Doeanebelasting
  - D. Oordragte

34x3= (100)

TOTAAL VIR AFDELING A: [100]

b.o.

## AFDELING B

- Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling.
- Alle vrae moet in jou **antwoordboek** beantwoord word.
- Antwoorde moet die verlangde vraaginhoud dek.

**VRAAG 2**  
**NASIONALE INKOME**

2.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

- 2.1.1 Die eienskap wat besluitneming beïnvloed, is (skaarsheid/onbeperkte middedele).
- 2.1.2 'n Voorbeeld van ekonomiese prosesse is (produksie/vraag).
- 2.1.3 Die bruto nasionale produk is die totale produksie (van burgers van ? land/binne die grense van ? land).
- 2.1.4 Wanneer ekonomiese groei plaasvind, verhoog die (per capita-inkome/inflasiekoers).
- 2.1.5 Nasionale inkome kan net bereken word uit die markwaarde van (eindgoedere/intermediêre goedere). 5x2= (10)
- 2.2 Akkuraatheid en dienste wat nie ingesluit is nie, is van die probleme in die berekening van nasionale inkome. Bespreek TWEE ander probleme. 2x6= (12)
- 2.3 Verduidelik TWEE metodes vir die bepaling van nasionale inkome. 2x(2+2)= (8)
- 2.4 Maak gebruik van die onderstaande tabel en beantwoord die volgende vrae.

**Uittreksel B**

Huidige 1999-pryse in R miljoen

Vergoeding aan werknemers	40 000
Netto bedryfsurplus	21 000
Verbruik van vaste kapitaal	10 500
Ander belasting op produksie	14 392
Ander subsidie op produksie	4 500
Subsidies op produkte	8 000
Belasting op produkte	7 800
Primêre inkome vanaf die res van die wêreld	3 000
Primêre inkome aan die res van die wêreld	16 000

2.4.1 Bereken die **BBP** teen basiese pryse.

2.4.2 Bereken die **BNP** teen markpryse.

5x2= (10)  
[40]

**VRAAG 3**  
**PRYSVORMING**

- 3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
- 3.1.1 (Plek / Tyd) nut word geskep deur beringing.
- 3.1.2 Vrye goedere beskik oor (ruilwaarde/gebruikswaarde).
- 3.1.3 Die wet van vraag dui daarop dat die vraagkurwe normaalweg ? (positiewe / negatiewe) helling het.
- 3.1.4 ? (Volmaakte / Onvolmaakte) mark kom voor wanneer een produk deur baie verkopers verkoop word.
- 3.1.5 Hoe (hoër / laer) die prys, hoe groter die hoeveelheid wat die produsent wil verkoop. 5x2= (10)
- 3.2 Die moderne markekonomie word gekenmerk deur kompetisie.  
Bespreek DRIE voordele van kompetisie. 3x(2+2)= (12)
- 3.3 Beskryf TWEE faktore wat ? persoon se behoeftes kan beïnvloed. 2x(2+2)= (8)
- 3.4 Trek die grafiese deur gebruik te maak van die onderstaande tabel. Dui die ewewigspunt met die korrekte ewewigsprys en hoeveelheid aan.

PRYS	HOEVEELHEID AANGEBIED	HOEVEELHEID GEVRAAGD
R5	3 400	800
R4	2 800	1 300
R3	2 200	2 200
R2	1 500	3 800
R1	400	6 000

(10)  
[40]

**VRAAG 4**  
**EKONOMIESE ONTWIKKELING**

- 4.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.
- 4.1.1 Die nuwe beleid wat verband hou met streeksontwikkeling staan bekend as die (Internasionale Handelstrategie/Nywerheidsontwikkelingsprogram).
- 4.1.2 Die konsentrasie van die bevolking in stede staan bekend as (verstedeliking/beskawing).
- 4.1.3 ? Betekenisvolle verbetering in die reële bruto binnelandse produk van ? land staan bekend as ekonomiese (ontwikkeling/groei).
- 4.1.4 Suid-Afrika word beskou as ? (ontwikkelde/ontwikkelende) land.

- 4.1.5 Een van die kenmerke van ontwikkelende ekonomiese is (volle indiensneming/werkloosheid).  $5 \times 2 =$  (10)
- 4.2 Bespreek DRIE finansiële aansporings wat aan entrepreneurs beskikbaar is vir die stigting van nuwe ondernemings.  $3 \times (2+2) =$  (12)
- 4.3 Bespreek TWEE redes vir verstedeliking.  $2 \times (2+2) =$  (8)
- 4.4 Bestudeer die volgende prentjie en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.4.1 Identifiseer die sektor wat voorgestel word. (2)
- 4.4.2 Noem VIER ander aktiwiteite van hierdie sektor.  $4 \times 2 =$  (8)  
[40]


### VRAAG 5 INTERNASIONALE HANDEL

- 5.1 Pas die **begrip** in **Kolom A** by die beste **beskrywing** in **Kolom B**. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer, bv. 5.1 – G.

<b>KOLOM A</b>	<b>KOLOM B</b>
5.1.1 Revaluasie	A. Markkragte bepaal die prys van die wisselkoers.
5.1.2 Appresiasie	B. Doelbewuste stappe deur die owerheid om die geldeenheid te vermeerder.
5.1.3 Depresiasie	C. In ? vaste wisselkoers verminder die regering die geldeenheid
5.1.4 Devaluasie	D. Wisselkoers wat deur monetêre owerhede statutêr vasgestel word.
5.1.5 Swewende wisselkoers	E. ? Afname in die waarde van die geldeenheid as gevolg van aanbod en vraag. F. As gevolg van markkragte styg die prys van die geldeenheid.

$5 \times 2 =$  (10)

- 5.2 Bespreek VIER redes, met verwysing na internasionale handel waarom ontwikkelde lande ? voordeel het bo ontwikkelende lande.  $4 \times (1+2) =$  (12)
- 5.3 Onderskei tussen **vrywillige** en **gedwonge invoervervanging**. (8)
- 5.4 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.4.1 Verduidelik die betekenis van die bostaande prent. (4)
- 5.4.2 Noem en verduidelik kortliks die twee groepe waarin uitvoerbevorderingskemas ingedeel kan word.  $2 \times (1+2) =$  (6)  
**(10)**  
**[40]**

### VRAAG 6 DIE STAAT

- 6.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- 6.1.1 Bestuurderslisensies is ? voorbeeld van (administratiewe / kommersiële) inkomste vir die staat.
- 6.1.2 Die fiskale sloering verwys slegs na (progressiewe / regressiewe) belasting.
- 6.1.3 Die (gedeeltelike / supplementêre) begroting word opgestel aan die einde van die finansiële jaar net nadat die Parlement bymekaar gekom het in Januarie of Februarie.
- 6.1.4 Die ontwikkeling van die infrastruktuur word geklassifiseer as ? (kollektiewe / welvaarts-) funksie van die staat.
- 6.1.5 Die staat se finansiële jaar strek vanaf (1 April tot 31 Maart / 1 Junie tot 31 Julie). (10)

6.2 In Suid-Afrika is van die vereistes van ? goeie belastingstelsel dat dit eenvoudig, gerieflik en onpartydig moet wees. Bespreek enige DRIE ander vereistes.  $3 \times (2+2) =$  (12)

6.3 Verduidelik die begrip **kapitaalwinsbelasting**.  $4 \times 2 =$  (8)

6.4 Oorweeg die volgende voorbeeld en beantwoord die vrae wat volg.

Persoon A verdien R100 000 per jaar en betaal 43 persent van sy inkomste aan belasting, terwyl Persoon B R35 000 per jaar verdien en 22 persent belasting betaal.

6.4.1 Noem die metode van belasting wat deur die owerhede gehef word. (2)

6.4.2 Noem die ander TWEE metodes van belastingheffing. (4)

6.4.3 Bereken die na-belaste inkomste van Persoon B. (4)  
[40]

### VRAAG 7 BELANGRIKE EKONOMIESE ONDERWERPE

Beantwoord enige TWEE van die volgende onderafdelings (7.1, 7.2, 7.3, of 7.4).

#### 7.1 ARBEIDSVERHOUDINGE

7.1.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

- a) Die hoofdoel van Bedingsrade is om (gesonde arbeidsverhoudinge/stakings) aan te moedig.
  - b) In Suid-Afrika word die werksplekforum (erken/nie erken nie).
  - c) Besluite wat deur die KVBA geneem is, is (bindend/nie bindend nie) albei partye.
- vir  $3 \times 2 =$  (6)

7.1.2 Bespreek VIER beperkings wat op vakbonde van toepassing is.  $4 \times (1+2) =$  (12)

7.1.3 Definieer **vakbonde**. (2)  
**(20)**

#### 7.2 PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

7.2.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

- a) ? Vermindering in werksgeleenthede kan ? (verhoging/vermindering) in misdaad veroorsaak.
- b) Die verhouding tussen insette en uitsette van ? besigheid verwys na (produksie/produktiwiteit).
- c) Die effektiestste manier om produktiwiteit te verhoog is deur ? verhoging in die (geletterdheidsvlak/werkloosheidskoers).  $3 \times 2 =$  (6)

7.2.2 Bespreek VIER maatreëls om werkloosheid te bekamp.  $4 \times (1+2) =$  (12)

7.2.3 Definieer **produktiwiteit**. (2)  
[20]

### 7.3 INFLASIE

7.3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

- a) Die Minister van Finansies kan (fiskale/monetêre) maatreëls gebruik om inflasie te bekamp.
- b) Debiteure word (bevoordeel/benadeel) wanneer die koopkrag van geld afneem.
- c) (Vraagtrek/Kostedruk)-inflasie word veroorsaak deur faktore aan die verbruikerskant van die mark.  $3 \times 2 =$  (6)

7.3.2 Bespreek VIER gevolge van inflasie.  $4 \times (1+2) =$  (12)

7.3.3 Definieer die konsep **vraagtrek-inflasie**. (2)  
[20]

### 7.4 STRATEGIESE HULPBRONNE

7.4.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

- a) (Steenkool/Uraan) word gebruik om kernkrag te produseer by Koeberg.
- b) Suid-Afrika ontvang elektrisiteit van (SASOL/ESKOM).
- c) ADE is betrokke by die (invoer/uitvoer) van diesel-enjins  $3 \times 2 =$  (6)

7.4.2 Bespreek VIER redes waarom water belangrik is vir primêre nywerhede.  $4 \times (1+2) =$  (12)

7.4.3 Beskryf sonenergie as ? alternatiewe energiebron. (2)  
[20]  
[40]

## VRAAG 8 ALGEMEEN

8.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

8.1.1 (Invoerregte/invoer-subsidies) word op alle ingevoerde goedere gehef.

8.1.2 Die (reserwerekening/finansiële rekening) sluit Spesiale Trekingsregte in.

8.1.3 Die (Staatspresident/Minister van Finansies) lê die jaarlikse MTBR voor aan die Parlement.


8.1.4 Die (NOK/NOS) voorsien besighede van kapitaal.

8.1.5 Een kenmerk van (verstedeliking/die informele sektor) is ? tekort aan behuising.  $5 \times 2 =$  (10)

8.2 Bespreek TWEE produksiefaktore wat ? invloed het op ekonomiese groei.  $2 \times (2+2) =$  (8)

8.3 Die markkragte van vraag en aanbod bepaal die wisselkoers. Bespreek swewende wisselkoerse. (12)

8.4 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg.



8.4.1 Die funksionele klassifikasie van staatsbesteding duï aan dat daar vier groepe is. Noem DRIE.  $3 \times 2 =$  (6)

8.4.2 Daar is vier stappe in die finansiële prosedure van die hoofbegroting. Identifiseer TWEE.  $2 \times 2 =$  (4)  
(10)  
[40]

**TOTAAL VIR AFDELING B:** [200]

**TOTAAL:** 300